# N KRITIESE BESKOUING VAN DIE CHILIASME

## ('n Gereformeerd-Apologetiese studie)

Werkstuk voorgelê in die derde studiejaar vir die graad Theologiese Baccalaurius in die fakulteit Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Deur: Stephanus Johannes Briel (B.A.)

Studieleier: Prof. dr. L.F. Schulze

Potchefstroom, 1992

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
UNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

*Copyright © 2018 North-West University All rights reserved*

INHOUDSOPGAWE


Bladsy

1. INLEIDING

1.1 Objek van studie .................................................. 1
1.2 Probleemstelling .................................................. 2
1.3 Doel van studie .................................................. 2
1.4 Aktualiteit en noodsaaklikheid van die studie .................. 2
1.5 Begrensing .................................................. 3
1.6 Metode .................................................. 3
1.7 Werkplan .................................................. 3

2. HISTORIESE OORSIG

2.1 Die Jodedom .................................................. 4
2.2 Die vroeë-Christelike Kerk .................................................. 5
2.3 Die Middeleeue .................................................. 7
2.4 Die Reformasie en daarna .................................................. 7
2.5 Die latere Chiliasme tot die 20ste eeu .................................. 8
2.6 Gevolgtrekking uit die historiese oorsig ............................ 12

3. EKSEGESE VAN RELEVANTE SKRIFGEDEELTES

3.1 Openbaring 20 .................................................. 13
3.1.1 Die verklaring van die boek Openbaring ............................ 13
3.1.1.1 'n Suiwere interpretasie van Openbaring .......................... 14
3.1.1.1.1 Die Selfgetuienis oor die aard van die boek ................... 15
3.1.1.1.2 Hoe Openbaring verstaan wil word ............................ 16
3.1.2 Die plek van Openbaring 20:1-10 binne die boek Openbaring ...... 18
3.1.3 Die binding van Satan - Openbaring 20:1-3 ........................ 20
3.1.4 Die duisendjarige regering van Christus en die eerste opstanding. Openbaring 20:4-6 .................................................. 22
3.1.5 Die Satan word losgelaat en finaal oorwin - Openbaring 20:7-10 .. 26
3.2 Die nasionale herstel van Israel. Rm. 11:25-27 .................. 30
3.3 Die volk Israel word in hulle land herstel? - Eseg. 37:11-14 .... 32
3.4 'n Duisendjarige Vrederyk? - Dan. 12:1-3 ........................ 33

4. BEOORDELING VAN DIE CHILIASME VANUIT DIE GEREFORMEERDE BELYDENISSKRIFTE .................................................. 36

5. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING .................................................. 40

6. BIBLIOGRAFIE .................................................. 42

# 1. INLEIDING

## 1.1 OBJEK VAN STUDIE

Die objek van hierdie studie is die baie bekende model van toekomsdenke naamlik die "Chiliasme" of "Millennialisme". Die woord "Chiliasme" is afgelei van die Griekse woord "chilioi" wat duisend beteken. Die woord "millennialisme" is afgelei van die Latynse woorde "mille anni" wat duisend jaar beteken. Die Chiliasme of Millennialisme is egter 'n uitgebreide leer aangaande die voleinding. Daar bestaan ook nie enigheid onder die aanhangers van die Chiliasme oor die chiliastiese leer van toekomsdenke nie. Daarom is dit so moeilik om 'n definisie van die Chiliasme te gee. Kortliks kan die Chiliasme soos volg opgesom word: Dit is die opvatting dat Christus twee keer weer gaan kom, die eerste keer om 'n vrederyk van duisend jaar op aarde op te rig waarin Hy en die gelowiges saam sal regeer en die tweede keer om die lewendes en dooies te oordeel.

Baie geleerdes onderskei tussen Amillennialisme, Postmillennialisme en die Premillennialisme. Vir die doel van hierdie studie word egter net onderskei tussen Chiliasme en die Antichiliasme. Ons volstaan met die definisies wat Malan (1971:17) vir die twee groepe gee. Hy definieer die Chiliasme as die "wat glo in 'n letterlike koninkryk van duisend jaar - die millennium - van die Here Jesus met sy heiliges op aarde in die aanstaande toekoms." Die Anti-chiliasme is die "wat aan so 'n koninkryk van duisend jaar of millennium in die toekoms op aarde nie glo nie, maar dit verwerp en leer dat die duisend jaar in die Bybel in hierdie verband 'n simboliese getal is van 'n ander aantal jare, waarin die Here Jesus met sy gestorwe gelowiges nou reeds in die hemel in sy koninkryk regeer."

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die aanhangers van die Chiliasme maak aanspraak daarop dat hulle siening Skriftuurlik is. Nou is die vraag: Ken die Skrif 'n dubbele wederkoms van Christus?

## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om die Chiliasme in die lig van die Skrif en die Gereformeerde Belydenisskrifte te beoordeel.

## 1.4 AKTUALITEIT EN NOODSAAKLIKHEID VAN DIE STUDIE

Die geskiedenis leer ons dat die Christelike Kerk vanaf die vroegste eeue worstel met die leer van die Chiliasme oor die voleinding. Veral as die kerk verdruk en vervolg word, tree die verwagting van 'n duisendjarige vrederyk op die voorgrond. Aangesien die verdrukking en vervolging van die kerk sal toeneem namate die wederkoms van Christus naderkom, sal hierdie verwagting al hoe meer op die voorgrond tree in die kerk. En die leer oor die toekomsverwagting is vir elke christen van die grootste belang. Geen valse hoop wat nie realiseer mag geskep word nie.

Die Chiliasme is verder 'n kenmerk van byna alle sektariese bewegings. Ook onder sommige lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan chiliastiese opvattings. Hierdie chiliastiese opvattings onder Gereformeerde lidmate het selfs gelei tot die aparte kerkstigting van die Vrye Christelike Gereformeerde Kerk op 4 November 1941. Ook bestaan in die Gereformeerde Kerke 'n houding van verdraagsaamheid teenoor die Chiliasme. Die Chiliasme word slegs gesien as 'n alternatiewe opvatting van die voleinding, want die Gereformeerde belydenis veroordeel mos nie die Chiliasme nie. Uit nadere studie blyk egter dat die Chiliasme nie so onskuldig is as wat dit voorkom nie.

## 1.5 BEGRENSING

Die Chiliasme is 'n uitgebreide leer aangaande die voleinding. Dan is aanhangers van die Chiliasme ook nog oor baie punte onderling verdeeld. Om al die chiliastiese opvattings te beoordeel is 'n saak van onmoontlikheid. Daarom word daar met hierdie studie net in die algemeen gepoog om die chiliastiese leer te beoordeel. Veral word daar toegespits op die beoordeling van die chiliastiese verklaring van Open. 20:1-10. Daarna volg 'n beoordeling van die chiliastiese verklaring van slegs sekere ander relevante Skrifgedeeltes. Laastens word 'n algemene beoordeling in die lig van ons Gereformeerde Belydenisskrifte van die Chiliasme gegee. Nie alle opvattings onder die aanhangers van die Chiliasme, word in hierdie studie gedek nie.

## 1.6 METODE

Die metode is hoofsaaklik literatuurstudie en eksegese van Skrifgedeeltes volgens gereformeerde hermeneutiese sleutels.

## 1.7 WERKPLAN

Eerstens word 'n historiese oorsig gegee om die spore van die Chiliasme deur die eeue heen na te vors. Daarna word eksegese gedoen van Open. 20:1-10 en ander relevante Skrifgedeeltes. Dan volg 'n algemene beoordeling van die Chiliasme vanuit die Gereformeerde Belydenisskrifte. Aan die einde van hierdie studie word 'n samevattende gevolgtrekking gegee.

## 2. HISTORIESE OORSIG

In hierdie hoofstuk word 'n voëlvlug deur die geskiedenis gegee om die spore van die Chiliasme in die geskiedenis na te vors. Daar word nie in diepte ingegaan in die verskillende chiliastiese beskouing van elke tyd nie.

### 2.1 DIE JODEDOM

Die oorsprong van chiliastiese denkbeelde is veel ouer as die Christelike Kerk. Dit kom reeds voor in die jaar 1000 v.C. by die ou heidense Parsisme, die leer van die ou Iraniërs (Hoekstra, 1903:9). Die Iraniërs het 'n wêreldperiode van vrede verwag wat voorafgegaan word deur die oorwinning van die liggod oor sy vyande waarna die opstanding van die dooies sal plaasvind. Ook die ou heidendom het gedroom van 'n vrederyk op aarde. Hulle het hulle hoop op hemelse heerlikheid en aardse geluksaligheid vermeng.

Wat van meer belang is, is die chiliastiese beskouing by die Jode. Die Jodedom rig hulle op 'n toekomstige vrederyk op aarde. Skynbaar gee die Ou Testament tot hierdie verwagting aanleiding. - Die apokaliptiese profete van die Ou Testament onderskei nie duidelik tussen die eerste koms van Christus in vlees nie en die tweede koms van Christus by die eindoordeel nie. Ook vermeng die profete die belofte dat Israel sal terugkeer van Babel na Kanaän, en die staat van heerlikheid wat eendag sal heers, met mekaar. Uit die profete verwag die Jode 'n vrederyk van die Messias op hierdie aarde.

Die Jode het egter nie die eie aard van die profete in ag geneem nie. Hulle het ook nie noukeurig Skrif met Skrif vergelyk nie.

Die beelde oor die toekoms wat die profete gebruik, dra deur en deur 'n Ou Testamentiese karakter. Hulle is histories en nasionaal bepaald. Die beelde het 'n boodskap van 'n hemelse heerlikheid maar word uitgedruk

in terme van aardse geluksaligheid. Die Joodse Chiliasme het die kernboodskap van die profetiese beelde verwaarloos en alleen die aardse terme van geluk oorgehou (Dijk,1933:20). Die Jode het die Messias as 'n aardse koning verwag wat Israel van hulle vyande sal verlos. So bestaan daar chiliastiese spore in die apokriewe boeke van die Jode soos in die boek van Barag en die vierdie boek van Esra. Ook in die Joodse Talmud (die skatboek van die Joodse Teologie) word die herstel van Israel in hierdie bedeling geteken (Hoekstra, 1903:10).

Volgens die vierde boek van Esra sal die Messias 'n vrederyk van vierhonderd jaar op aarde stig. Die latere opvatting onder die Jode huldig dat hierdie vrederyk 'n duisend jaar lank sal wees. Omdat die hemel en die aarde in ses dae geskape is, waarop die sabbat gevolg het, sal na sesduisend jaar 'n sabbat (vrederyk) van 'n duisend jaar volg. Dit stem ooreen met Openbaring 20 en het maklik ingang gevind by die verdrukte Christelike kerk (Dijk,1933:23).

## 2.2 DIE VROEË - CHRISTELIKE KERK

Die chiliastiese gedagte is deur die Jodedom in die Christelike Kerk ingedra, want die Christendom spring voort uit die Jodedom. Volgens Oosthuizen (1960:106) is dit belangrik om eerstens te let op Papias, biskop van Smyrna en Polycarpus wat albei leerlinge van Johannes was, die skrywer van Openbaring. Hulle sou tog nie iets anders geleer het wat in stryd sou wees met hulle leermeester Johannes se standpunt nie. Hulle albei leer dat Christus 'n Koninkryk op aarde gaan stig wat 'n duisend jaar lank sal duur. Volgens Oosthuizen (1960:107) vorm Papias en Polycarpus die skakel tussen die chiliastiese tradisie en die apostels.

Chiliastiese opvattinge word ook gevind by Justinus Martyr en Irenaeus. Justinus Martyr (150 n.C.) wou egter nie die Chiliasme tot kerkleer verhef nie. Dit was vir hom 'n middelmatige saak. Hy het geleer dat

Christus in Jerusalem sal regeer en alles sal herbou word, maar hy leer gladnie dat alle Jode hulle sal bekeer nie.

Irenaeus het weer geleer dat na 6 000 jaar van wêreldgeskiedenis, 'n vrederyk op aarde sal aanbreek waar alles geseën sal wees. Ook hy leer nie dat alle Jode hulle sal bekeer nie, en hy sien Israel as die Christelike Kerk (Dijk,1933:28,29).

Die Chiliasme was egter nie algemeen aanvaar deur alle kerkvaders nie. In geskrifte van Clemens Romanus, Ignatius, Athenagoras en Theophilus van Antiochië word geen spore van die Chiliasme aangetref nie (Hoekstra, 1903:20).

Die Jodedom het 'n invloed gehad op enkele persone in die vroeë-Christelike Kerk sodat hulle die chiliastiese beskouing gehad het. Maar in die vroeë-Christelike Kerk is die Chiliasme nie algemeen aanvaar nie en daarom nie as kerkleer beskou nie. Die Chiliasme kan hulle daarom nie op kerklike tradisie beroep nie vanweë die bestryding van die Chiliasme reeds in die vroeë-Christelike Kerk. Die vernaamste persoon om te noem in die bestryding van die Chiliasme, is seker Augustinus.

Augustinus het die Chiliasme met oorgawe bestry. Hy het die krag van die Chiliasme gebreek en dit uit die Christelike Kerk gedryf. Die Chiliasme kom tydens die middeleeue slegs by enkele sektes voor.

Augustinus het geleer dat die Duisendjarige Ryk reeds met die eerste koms van Christus 'n aanvang geneem het. Die Satan is in hierdie bedeling nou reeds gebind en Christus en die gelowiges regeer oor die duiwel en die sonde. Geen toekomstige Vrederyk op aarde word verwag nie (Oosthuizen, 1960:113). Die Kerk en haar geestelike leiers soos Reo die Grote, Gregorius die Grote, Albertus Magnus en Thomas Aquinas het die groot kerkvader Augustinus gevolg in sy bestryding van die Chiliasme.

## 2.3 DIE MIDDELEEUE

Die invloed van die Chiliasme tydens die Middeleeue was hoofsaaklik onder die sektariërs. Alhoewel die sektarieërs in opstand gekom het teen die Roomse Kerk, kan hulle geensins gesien word as die voorlopers van die Reformasie nie. Daar was geen sprake van reformatoriese beginsels by sektes soos dié van Joachim van Floris en die Thaborieten nie. Hulle leer het lynreg teen die Skrif in gegaan.

Die ware voorlopers van die Reformasie soos Huss en Wicliff, wou van die chiliastiese oorspanning van Skrifgegewens niks weet nie (Dijk,1933:50).

## 2.4 DIE REFORMASIE EN DAARNA

Gedurende die Reformasie het dit gegaan om kwessies soos die regverdigmaking deur die geloof in Christus alleen en die gesag van die Skrif. Die leer oor die voleinding het meer op die agtergrond gestaan. Tog het Luther, Melanchton, Zwingli en Calvyn die beskouing van Augustinus oor die voleinding oorgeneem en die chiliastiese beskouing van 'n Duisendjarige Vrederyk op aarde bestry (Oosthuizen, 1960:116). Die Reformatore het die chiliastiese beskouing van so min waarde beskou dat dit eintlik nie eers werd is om te bestry nie. Die Chiliasme kan hulle allermins op die Reformatore beroep.

Soos dit regdeur die geskiedenis voorkom, het nie die kerk van die Reformasie nie, maar die sektes tydens die Reformasie (die geesdrywers) die chiliastiese ideë verdedig en verkondig.

Vanweë die teëkanting van die Reformasie teen die Chiliasme, het die Reformasie (Gereformeerdes) te staan gekom teen die Anabaptiste. Die Anabaptiste het nie net die kinderdoop verwerp nie, maar het ook 'n Duisendjarige Vredesryk verwag wat 'n sigbare ryk sal wees van aardse mag.

Die stigting van hierdie sigbare aardse ryk sal bevorder word met menslike middele en vleeslike krag (Dijk,1952:28). Calvyn en Luther was sterk gekant teen hierdie grof-sinnelike vorm van die Chiliasme. Luther se standpunt word weergegee in die Augsburgse Konfessie waar standpunt ingeneem word teen "degenen die nu de Joodsche opiniën verbreiden, dat voor de opstanding der dooden de vromen het bewind der wêreld zullen ontvangen, als die goddeloozen overal ten onder zullen gebracht zijn", soos aangehaal deur Hoekstra (1903:30). En wat ons Gereformeerde belydenisskrifte betref, word die Chiliasme nie by name genoem nie, maar tog word chiliastiese fantasië oor die voleinding bestry: Die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 37 wat handel oor die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe, ken geen dubbele wederkoms van Christus nie. Ook die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 57 leer net een opstanding van die liggaam. Vraag en antwoord 52 van die Heidelbergse Kategismus leer ook net een wederkoms van Christus om te oordeel die lewendes en die dooies.

In die Gereformeerde belydenisskrifte is daar geen sprake van 'n eerste opstanding van die regverdiges nie, of van 'n ryk van vrede en geluk op aarde onder Christus vir die gelowiges alleen nie, of van 'n dubbele wederkoms van die Heiland nie, of van 'n algemene bekering van die Jode nie en die terugkeer van die hele Israel na Kanaän nie.

Die Reformatore en ons Gereformeerde belydenisskrifte staan veroordelend teenoor die Chiliasme.

## 2.5 DIE LATERE CHILIASME TOT DIE 20STE EEU

Die Chiliasme het in die 19de eeu groot ingang gevind in die Reveil. Die Reveil was 'n reaksie op die dorre geesteloosheid waarin die Kerk verval het. Dit kan getipeer word as 'n kragtige herlewing uit die doodsheid waarin die Rasionalisme en Ortodoksie die Christendom gestort het (Tukker, 1981:29).

In die Nederlandse Reveil kom die invloed van die Calvinisme baie sterker na vore as by die Switserse Reveil. Die vader van die Nederlandse Reveil is Willem Bilderdijk (1756-1831). Bilderdijk se geskiedenisbeskouing word beheers deur sy oortuiging dat die wêreldharmonie wat versteur is deur die val van die mens, weer herstel sou word deur die heerskappy van Christus op aarde. Volgens hom is dit moontlik dat Jesus Christus self (persoonlik) weer sy algemene heerskappy op aarde sal kom uitoefen.

Tukker (1981:36) is nie seker daarvan dat Bilderdijk werklik 'n Chilias was nie. Bilderdijk het nie werklik belanggestel in hoe en waar die Christusregering op aarde sal wees nie. Vir hom het die slegs gegaan oor die koningskap van Christus in die hemel en op die aarde en hoe die heerskappy sou terugkeer in die hande van die wettige Koning.

Een ding is wel seker, Bilderdijk het die weg oopgemaak vir chiliastiese ideë in die Nederlandse Reveil. Manne en vroue uit die Reveilkring (soos Da Costa, Capadose, Willem de Clercq, C.F. Callenbach) is meegesleur deur die chiliastiese stroom.

Volgens Dijk (1933:87) was die gevolg van die chiliastiese beskouing dat min optredes van die Reveil uitgegaan het tot waaragtige reformasie van die menslike samelewing. Omdat die mense van die Reveil 'n volmaakte aardse vredesryk verwag het, het hulle min gedoen om die alledaagse lewe te reformeer. Volgens Dijk bring die Reveil dus geen herlewing nie.

Waar baie teoloë van die Gereformeerde Kerk Nederland in die 19de eeu verdraagsaam was teenoor die chiliastiese leer, het die Kerke van die Afskeiding naamlik die Christelik-gereformeerde Kerk, die chiliastiese leer sterk veroordeel in meerdere vergaderings. Kyk maar na die uitspraak van Franeker in 1863: "dat het gevoelen van de leer der wederkomst des Zaligmakers om 1 000 jaren zigtbaar en ligchamelijk op aarde te regeren, geen leer der Gereformeerde Kerk is, maar daartegen, zoowel als tegen

Gods Woord, strijdt, waarom het niemand toegelaten wordt dat gevoelen te leeren of te verbreiden", soos aangehaal deur Dijk (1933:109).

In die eerste helfte van die 19de eeu ontstaan die Adventiste sekte in Amerika. Die geestelike vader van hierdie sekte was die Amerikaner William Miller (1782-1849). Hierdie rigting het eensydig die aandag gevestig op die koms (advent) of wederkoms van Christus wat hulle spoedig verwag het. Hulle het dit ook as hulle roeping beskou om die mensdom voor te berei op hierdie ontsaglike gebeurtenis. Die Adventiste is gedurig besig met 'n konstruksie van die wêreldgeskiedenis. Sekere datums word deur hulle uitgelig as die begin van 'n nuwe fase in die wêreldgeskiedenis (Kok, 1956:83). So byvoorbeeld het Charles T. Russell (gebore 1852) geleer dat die wederkoms van Christus plaasgevind het in 1874. Met 'n aantal berekeninge het hy bepaal dat die duisendjarige ryk in 1914 sal begin (die sogenaamde"Ago-to-home-Adventists"; die verwagting van die Adventiste dat die Jode weer na hulle heilige land sal terugkeer om met Christus in die heilige stad 'n duisend jaar te regeer). Ook in Suid-Afrika het 'n sekere Johanna Brandt bepaal dat die Here Jesus Christus in treine en skepe rondreis en op 7 Desember 1916 'n kort besoek gebring het aan Pretoria (Dijk, 1933:120-123).

In die 20ste eeu is die Chiliasme 'n eskatologiese leerstuk van haas elke sekte. Hierdie chiliastiese leerstuk vind ons by adventisties-gekleurde sektes soos die Metodisme; by etiese teoloë soos De la Saussage en J.H. Gunning; en by nog talle ander eskatologiese teoloë soos Blumhardt en J.C. Wissing.

Van eenheid onder Chiliaste is daar geen sprake nie want elkeen leer wat reg is in sy eie oë. Hierdie verskeie chiliastiese variasies oor die eindtyd wys ons hoe wyd die poorte oopstaan vir die verbeelding wanneer 'n mens die organiese samehang van die Skrif en die geskiedenis van die openbaring, uit die oog verloor.

Maar die Chiliasme word nie net by sektes gevind nie. Selfs Gereformeerdes in Suid-Afrika huldig die chiliastiese toekomsverwagting. So het die Gereformeerde Kerke onder die Kruis aan die einde van die 19de eeu ontstaan in die Noord-oos Vrystaat. Hierdie Gereformeerde Kerke onder die Kruis het net soos die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, weggebreek vanaf die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Vir 'n tyd lank is die Gereformeerde Kerke onder die Kruis bedien deur ds. S.J. du Toit.

Na die dood van ds. S.J. du Toit op 28 Mei 1911, was hierdie Kruisgemeentes herderloos. Predikante van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het hulle toe vir 'n tyd lank bedien. Later is hierdie Kruisgemeentes ingelyf by die Gereformeerde Kerke (du Toit, 1950:1).

Na 'n tyd in die Gereformeerde Kerke het sommige lidmate van die gewese Kruisgemeentes egter besef dat hulle in die Gereformeerde Kerke nie hulle vroeëre doelstellings ten volle kon uitleef nie. Hierdie lidmate was veral beswaard gewees oor profetiese verklaringe en sekere opvattings in verband met die kerkregering in die Gereformeerde Kerke. Hulle chiliastiese toekomsverwagting was vir hulle so belangrik dat hulle uiteindelik oorgegaan het tot aparte kerkstigting op 4 November 1941. So het die Vrye Christelike Gereformeerde Kerk ontstaan in Frankfort, Vrystaat (du Toit, 1950:1).

Uit gesprekke met lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, toon aan dat chiliastiese opvattings tot vandag toe nog voortleef onder lidmate van die Gereformeerde Kerke. Hierdie chiliastiese opvattings bestaan veral nog in gemeentes Lindley, Steynsrus, Frankfort en Strydenburg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Alhoewel chiliastiese verwagtings onder sekere Gereformeerdes bestaan,

het daar in die 20ste eeu ook van Gereformeerde kant (soos Dijk, Hoekstra, Kuyper, Bavinck en talle ander) stemme opgegaan wat die chiliastiese verklaring van profesië steeds oordeel in die gees van Augustinus en Calvyn. Hulle verwerp die Chiliasme op Skriftuurlike gronde. Die Heilige Skrif leer geen ander sigbare koms van Christus nie as sy wederkoms om te oordeel. Ook die Algemene Sinode van Utrecht (1923) het die dwaling van Israel se herstel verwerp as on-Skriftuurlik.

## 2.6 GEVOLGTREKKING UIT DIE HISTORIESE OORSIG

Die chiliastiese voorstellings (hoewel hoofsaaklik op 'n letterlike verklaring van Openbaring 20:1-10 berus) is nie van 'n Christelike oorsprong nie, maar vind sy wortels in die heidense Parsisme en veral in die Judaïsme met hul verwagting van 'n aardse regering van Israel oor alle volke.

Die Chiliaste kan geen beroep doen op die kerklike tradisie om hulle leerstuk deel te maak van die Kerk se belydenis nie.

Die Gereformeerde belydenis leer slegs een opstanding en een wederkoms en daarom kan geen verdraagsaamheid teenoor die Chiliasme geduld word nie.

Die Chiliasme is in homself hopeloos verdeeld en daarom is dit moeilik om die Chiliasme te definieer.

In die dogmatiek moet nie die eskatologie die uitgangspunt wees nie, maar die leer van God en van sy openbaring. Die begin het vir ons meer waarde as die einde omdat die begin die einde bepaal en nie omgekeerd nie (Dijk, 1933:180).

# 3. EKSEGESE VAN RELEVANTE SKRIFGEDEELTES

Die chiliastiese voorstellings berus hoofsaaklik op die verklaring van Openbaring 20:1-10. Openbaring 20:1-10 kan die locus classicus van die Chiliasme genoem word. Vanuit Openbaring 20:1-10 word ook ander Skrifgedeeltes in verband gebring met 'n duisendjarige vrederyk van Christus op aarde. In hierdie hoofstuk word eerstens eksegese gedoen van Openbaring 20 waarna ook na 'n aantal ander Skrifgedeeltes gekyk sal word waarop die Chiliasme hulle beroep.

## 3.1 OPENBARING 20

Beide die Chiliasme en Antichiliasme aanvaar die Heilige Skrif as die gesagvolle Woord van God en beide aanvaar dat die boek Openbaring deel vorm van die Heilige Skrif en dus deur die Heilige Gees geïnspireer is.

Nou hoe is dit moontlik dat hierdie twee verskillende beskouinge oor dieselfde Skrifgedeelte kan bestaan?

Die Skrif is tog nie teen homself verdeeld nie, en daarom kan nie die Chiliasme sowel as die Antichiliasme as reg en Skriftuurlik aanvaar word nie, want hierdie twee beskouinge sluit mekaar reeds uit.

Die Chiliasme en Antichiliasme gebruik verskillende verklaringsmetodes.

Om te bepaal watter beskouing reg is, moet ten eerste gelet word op hoe die boek Openbaring verklaar moet word.

### 3.1.1 DIE VERKLARING VAN DIE BOEK OPENBARING

Die boek Openbaring is seker die Bybelboek wat deur die geskiedenis heen die meeste misbruik is om dwaalleringe voor te hou as reg.

Volgens Coetzee (s.j.:9)"lewer die boek vanweë sy besondere eie aard menige interpretasie - probleme en wie nie bereid is om eers

baie goed na die geskrif self te luister en daarin sy wegwysers vir die regte interpretasie van die boek te vind nie, verval byna verseker in eensydige of valse verklaringsmetodes."

'n Valse verklaringsmetode van die boek Openbaring wat radikaal afgewys moet word, is die letterlike metode. Hierdie metode wil Openbaring letterlik verstaan soos dit daar staan. Dit is egter in stryd met die karakter van die boek wat apokalipties en profeties van aard is.

Nog 'n metode wat afgewys moet word, is die A-historiese metode. Hierdie metode hou Openbaring voor as 'n Bybelboek wat net ewige waarhede kwytraak oor 'n bo-tydelike stryd tussen die Goeie en die Kwade (Coetzee, s.j.:9-10).

Die eensydige verklaringsmetodes bevat 'n element van waarheid maar beklemtoon eensydig een of ander aspek van die boek Openbaring. So beklemtoon die tyd-historiese metode eensydig dat Openbaring slegs 'n boodskap vir sy eie tyd gehad het en het eintlik niks vir ons te sê nie. Die kerkhistoriese metode beklemtoon eensydig dat die boek 'n oorsig wil bied oor die loop van die geskiedenis van die kerk van eeu tot eeu. Die wêreldhistoriese metode beklemtoon eensydig weer dat Openbaring 'n lang reeks voorspellings oor die wêreldgeskiedenis is. Nog 'n eensydige metode is die eindhistoriese metode wat eensydig nadruk lê op die "oordeelsdag", asof die boek net op die einde betrekking het (Coetzee, s.j.:10-11).

#### 3.1.1.1 'N SUIWERE INTERPRETASIE VAN OPENBARING

Volgens Coetzee (s.j.:12) sal 'n suiwere interpretasie-metode erns maak met die getuienis van die boek self oor sy aard, hoe dit verstaan wil word en wat die doel van die boek is. Dit is tog die goue reël vir Skrifverklaring (Sacra Scriptura sui ipsius interpres, die Heilige Skrif is sy eie verklaarder).

3.1.1.1.1 DIE SELFGETUIENIS OOR DIE AARD VAN DIE BOEK

Volgens Du Rand (1988:225) bied die boek Openbaring homself aan as 'n profesie (vgl. 1:3; 19:10; 22:9) wat in apokaliptiese styl gegiet is. Openbaring is egter nie 'n suiwer apokalips nie, maar 'n Christelike apokaliptiese profesie wat die Christelike gemeenskap bemoedig vanuit die Christus-gebeure. Die boek Openbaring is dus na sy literêre vorm 'n profeties-apokaliptiese geskrif. By die interpretasie van hierdie boek is dit dus belangrik om deeglik rekening te hou met hierdie dubbele karakter van die boek.

Openbaring is 'n profetiese boek:

Johannes sien sy geskrif as 'n "boek van profesie" (vgl. 1:3; 10:11; 19:10; ens.) Johannes is dus met die geskiedenis van God se volk in hierdie wêreld besig. Hy wil dus die huidige situasie beoordeel vanuit dit wat God in die verlede gedoen het en aankondig wat sal volg in die toekoms as die volk hulle nie bekeer nie. Openbaring wil as profetiese geskrif die geskiedenis van God se handele en die Christusregering in verlede, hede en toekoms belig en verklaar (Coetzee, s.j.:7 en Kruger, 1983:5).

Openbaring is 'n apokaliptiese boek:

Die vorm waarin die profesie van Openbaring gegiet is, vertoon sterk ooreenstemming met die Joods-apokaliptiese literatuurvorm. Reeds in die Ou Testament het hierdie literatuurvorm as 'n heel besondere literêre stylvorm na vore begin tree. Hierdie literêre stylvorm word gevind in Eseg. 40 - 48; Sag. 9 - 14 en Dan. 7 - 12. Du Rand (1988:221) beskryf 'n apokalips as volg: "Apokalips is 'n teks met 'n verhaal wat 'n boodskap van God deur middel van 'n boodskapper uit 'n ander wêreld aan 'n beroemde figuur bevat en wat nou in 'n situasie van krisis en snelle verandering bekend gemaak word. Die boodskap word in die vorm van visioene met ryk en swaar simboliek geopenbaar. Die boodskap handel oor 'n wêreld anderkant

die bestaande werklikheid wat deur God geskep en in stand gehou word en/of oor die einde van die tyd wanneer God die huidige chaotiese toestand gaan beëindig. Die funksies van 'n apokalips is om die situasie van die lesers in die lig van die bo-natuurlike wêreld en die toekoms te interpreteer en die insig en die optrede van die lesers deur Goddelike gesag te bepaal. Daarmee word die tradisionele boodskap in die apokalips 'n aktuele karakter gegee."

Die apokaliptiese literatuurvorm vertoon volgens Kruger (1983:6) onder andere die volgende tipiese trekke:

a. die hede en toekoms word in sterk simboliese taal geteken;
b. aan sekere konkrete voorwerpe of sake word onmiskenbaar gevoelswaarde en diepere betekenis toegeken, byvoorbeeld 'n kroon is teken van gesag; 'n horing is teken van krag of mag;
c. getalle en kleure ontvang simboliese waarde, byvoorbeeld 3 is die Goddelike getal; 4 is die menslike of aardse getal; 7 is die getal van heilige volheid; 1 000 is die grootste getalseenheid wat staan vir 'n baie groot getal of 'n baie lang tyd;
d. verborge, kriptiese beeldende spreke oor teenswoordige vorste, owerhede en koninkryke.

By die verklaring van die Openbaringsboek is dit baie belangrik om bogenoemde in gedagte te hou want die boek Openbaring bied homself aan as 'n profeties-apokaliptiese geskrif.

3.1.1.1.2 HOE OPENBARING VERSTAAN WIL WORD

Volgens Coetzee (s.j.:12) is dit tipies van die apostel Johannes se skryfstyl om die sleutel vir die verstaan van sy boeke in die openingsgedeelte te verskaf. Die sleutel vir die verstaan van die boek Openbaring word gevind in die openingsgesig van Open. 1:9-20. Veral vers 9 wat inleidend die omstandighede van Johannes beskryf wanneer Jesus Christus aan hom verskyn is van besondere belang.

In Openbaring 1:9 staan: "Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus."

In hierdie vers noem Johannes homself "julle broeder en deelgenoot." Johannes verkeer dus in dieselfde omstandighede as die Kerk en is deel en verteenwoordiger van die hele Kerk. Die Christuskoning verskyn dus aan Johannes onder omstandighede wat simbolies is van die omstandighede van die hele kerk van Christus deur alle eeue heen (Kruger, 1983:7).

Volgens Coetzee (1988:265) beskryf die omstandighede waaronder die Christuskoning aan Johannes verskyn, drie kardinale merktekens van die Kerk in die bedeling tussen Jesus Christus se hemelvaart en sy wederkoms.

a. "Julle broeder en deelgenoot in die verdrukking"
   Die Kerk sal voortdurend in konflik wees met die wêreld in die bedeling tussen Jesus se hemelvaart en sy wederkoms. Die wêreld sal die Kerk verdruk (Open. 7:14). Maar die Christuskoning verskyn aan sy Kerk om sy Kerk in die hede te troos: Ek is by julle (Open. 1:13,16,20). Lees dus Openbaring as Troosboek vir die kerk in verdrukking.

b. "Julle broeder en deelgenoot in die koninkryk".
   Al is Johannes verban na 'n eensame klein eilandjie Patmos, kan niemand hom wegruk onder Koning Jesus se koningskap uit nie. Die kerk in verdrukking moet weet Jesus is Koning. Hy regeer nou en niemand kan hulle wegruk onder sy koningskap uit nie. Lees dus Openbaring ook as Koningsboek wat die kerk in verdrukking bemoedig met die sekerheid dat Jesus Christus regeer.

C. "Julle broeder en deelgenoot in die lydsaamheid."
"Hupomone" kan ook vertaal word met "volharding". Om te volhard is in die sin van die Apokalips, om vas te hou (met die oë op Jesus gerig) aan die vervulling van al God se beloftes. Lees dus Openbaring ook as Belofteboek wat die oë van die kerk wil rig op die dag van die Wederkoms.

Samevattend stel Coetzee (s.j.:14) dat wanneer Openbaring gelees word "as Troosboek vir die Kerk in die druk van die hede, as Koningsboek wat alle eeue wil insluit in die Christusregering en as Belofteboek wat die oë van die Kerk wil rig op die Wederkoms en Voleinding van alle dinge - dus 'n eg-profetiese geskrif geskryf in die simboliese taal van die apokaliptiese literatuurvorm, behoort ons die gevare van valse interpretasie te kan vermy en te kan kom tot redelike insig in die Godsopenbaring van hierdie Boek."

Om by die verklaring van Open. 20:1-10 te kom, moet eerstens gelet word op die plek van Open. 20:1-10 binne die boek Openbaring.

3.1.2 DIE PLEK VAN OPENBARING 20:1-10 BINNE DIE BOEK OPENBARING

By die verklaring van Open. 20:1-10 moet veral op die struktuur van die boek Openbaring gelet word. Du Rand (1988:248-250) gee die struktuur van Openbaring as volg:

Inleiding (1:1-20)

1. Sewe Briefboodskappe aan die gemeentes (2:1- 3:20)
2. Sewe Seëls (4:1 - 8:5)
3. Sewe Trompette (8:6 - 11:19)
4. Die Draak en die Ram (12:1 - 14:20)
5. Sewe Bokke (15:1 - 16:21)
6. Die val van Babilon (17:1 - 19:10)

7. Oorwinning en nuwe skepping (19:11 - 22:5)

7.1 Die verskyning van Christus (19:11-16)

7.2 Die dier en die valse profeet word oorwin (19:17-21)

7.3 Die draak vir duisend jaar gebind (20:1-6)

7.4 Die Satan word oorwin (20:7-10)

7.5 Die laaste oordeel (20:11-15)

7.6 Die nuwe skepping (21:1-8)

7.7 Die hemelse Jerusalem (21:9 - 22:5)

Die Slot (22:6-21)

Veral moet gelet word op punt.7. Die struktuur van Open. 19:11 - 20:15 gee die besondere plek wat Open. 20:1-10 in die boek inneem.

In Open. 19:11 - 20:15 gaan dit oor die "Dag van die Here" (Coetzee, 1988:310; Kruger, 1983:10). Hierdie gedeelte sluit ten nouste aan by Eseg. 39:1-8 waar dit gaan oor die Here se oordeel oor en wraak op die Gog en die Magog (vergelyk Open. 20:7-9 oor die Gog en die Magog). Ook Open. 16:12-16 teken in apokaliptiese taal hoe die Gog en die Magog versamel by Armageddon vir die finale "veldslag" in die eindoorlog tussen die Antichristelike magte (die Gog en die Magog) en Christus en sy kerk op die "Dag van die Here". Nadat die Gog en die Magog finaal verslaan is deur Christus (Open. 20:9), kom die Satan self finaal aan die beurt (Open.20:10) op die"Dag van die Here."

Die hoofmomente van die finale eindoorlog tussen Jesus Christus en alle Antichristelike magte kan soos volg aangedui word (Kruger, 1983:10):

19:11-15 Oorwinning van die Christuskoning oor die dier en die valse profeet - voorbereiding van die "Dag van die Here"

20:1-10 Die eerste opstanding en gerig oor Satan - verloop van die "Dag van die Here"

20:11-15 Die tweede dood as oordeel - afsluiting van die "Dag van die Here".

Open. 20:1-10 beskryf dus die verloop van die "Dag van die Here" tydens die finale "veldslag" tussen Jesus Christus en alle Antichristelike magte. Daar moet deeglik rekening gehou word met die verklaring van die boek Openbaring en die plek van Open. 20:1-10 binne die boek Openbaring, wanneer gekom word by die verklaring van Open. 20:1-10. Open. 20:1-10 word in drie perikope verdeel. Vervolgens word nou elke perikoop verklaar.

### 3.1.3 DIE BINDING VAN SATAN - OPENBARING 20:1-3

Die Chiliaste verklaar Open. 20:1-3 dat die Satan vir 'n duisend jaar die nasies nie sal kan verlei nie. Die Satan sal volkome gebind wees totdat die duisend jaar verby is. Volgens die Chiliaste is die Satan in beginsel oorwin met die kruisdood en opstanding van Christus, ja selfs met die skepping het God reeds die oordeel oor hom uitgespreek, maar hy is na Christus se eerste koms nog nie gebind nie. Die Satan word eers aan die einde van die groot verdrukking met die wederkoms van Christus gebind en dit vir duisend jaar lank gedurende die millenium. Volgens die Chiliaste kan die Satan nie in hierdie bedeling tussen Jesus Christus se hemelvaart en wederkoms gebind wees nie, as die Kerk elke dag die aanslae van die Satan ervaar nie. Petrus sê dan self: in 1 Petrus 5:8,9: "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof" (Naude, s.j.:53,54). Die Chiliaste verklaar dus Open. 20:1-3 baie letterlik. Maar hulle verklaar weer "die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting" (Open. 20:1) figuurlik of simbolies as "hemelse gereedskap deur 'n Almagtige God gefabriseer wat Hy alleen besit" (Naude, s.j.:53). Die Chiliaste is dus inkonsekwent want hulle verklaar hierdie gedeelte in vers 1 simbolies terwyl die res van die perikoop weer letterlik verklaar word.

Volgens Dijk (1933:206) gee Johannes in Open. 20:1-3 nie 'n presiese kronologiese volgorde van gebeure (wêreldgeskiedenis) nie, maar 'n visioen wat hy gesien het. In hierdie visioen oorheers die geestelike, profetiese en apokaliptiese orde wat die situasie van die leser in die lig van die bo-natuurlike wêreld en toekoms interpreteer. Die boodskap van die gedeelte handel oor 'n wêreld anderkant die bestaande werklikheid wat deur God geskep en in stand gehou word. Hierdie gedeelte moet dus simbolies verklaar word in ooreenstemming met die apokaliptiese aard van die boek Openbaring.

Volgens Coetzee (1988:311) en Dijk (1933:208) is die "engel" in Open.20:1 Jesus Christus self. Jesus Christus word meer male in Openbaring as 'n engel aangedui (vergelyk Open. 7:2; 8:3; 10:1) en het met sy opstanding uit die dood die Satan se heerskappy oor die dood en doderyk verbreek en so die sleutels van die dood en die doderyk in besit geneem (vergelyk Open. 1:18). Die Chiliaste het dus reg dat die "sleutel" en "ketting" wat in vers 1 genoem word, geestelik van aard is.

Verder staan in vers 2 dat die "engel" (Jesus Christus) die Satan vir 'n duisend jaar gebind het. Hoe is die Satan vir 'n duisend jaar gebind?

Eerstens moet 'n duisend jaar nie letterlik verstaan word nie, want dit is in stryd met die apokaliptiese karakter van die boek. 'n Duisend (1 000 = 10 x 10 x 10) is 'n getal van volheid en stel volkomenheid voor. Hierdie duisend jaar is 'n begrensde volkome tydperk waarin God se raadsplan ten volle tot uitvoering kom (Greydanus, s.j.:498). Tweedens moet ons "gebind vir 'n duisend jaar lank" (Open.20:2) saam met Open. 12:1-17 lees. Coetzee (1988:311) wys op die onmiskenbare ooreenkoms tussen 20:2 en 12:9 waar albei teksgedeeltes verwys na "Satan en sy eindeskatologiese werkinge in die tydperk tussen Christus se eerste en tweede koms". Coetzee gee die volgende Sinoptiese vergelyking van die twee teksgedeeltes.

| 12:9 | 20:2 |
|---|---|
| "En die groot draak is uitgewerp, die ou slang, wat genoem word Duiwel en die Satan, wat die hele wereld verlei" | "En hy het die draak gegryp, die ou slang wat Duiwel en die Satan is, en hy het hom vir duisend jaar gebind." |

Uit die parallelisme tussen hierdie twee teksgedeeltes kom Coetzee (1988:312) tot die volgende gevolgtrekking: "Na Jesus se opstanding en sy hemelvaart kan Satan (nie meer) maak wat hy wil nie. Jesus het die sleutels van die doderyk en van die dood (1:17-18). Hy dra die sleutel van Dawid (3:7); die Satan kan nie meer in die hemel voor die troon van God kom om "die broeders aan te kla" nie (12:10) - hy is geboei, aan bande gelê. Maar hy is nog nie finaal verslaan nie."

Beteken dit dat die Satan absoluut gebind is? Nee, hier word nie van 'n volstrekte binding van die Satan gepraat nie, asof hy geen invloed op die aarde sou kon uitvoer nie. Die Satan is gebind sodat hy die nasies nie meer sou verlei nie (Open. 20:3). Die Satan word in een bepaalde opsig verhinder: Hy kan nie meer sy sataniese voorneme uitvoer nie, en dit is om die nasies (die heidense volke) te bring tot 'n algemene aanval op die gemeente van Christus. Met hierdie binding word die Satan nie verhinder om die heidene en gelowiges persoonlik aan te val en te verdruk nie, maar hy word verhinder om al die heidense volke saam te snoer tot een groot mag teen die gemeente van die Here. In hierdie sin word die Satan absoluut gebind (Greydanus, s.j.:499).

Die kritiek van die Chiliaste op die Antichiliastiese beskouing oor die binding van die Satan gaan dus nie op nie.

### 3.1.4 <u>Die duisendjarige regering van Christus en die eerste opstanding. Open. 20:4-6</u>

Die Chiliaste verklaar Open. 20:4 dat Christus na die aarde sal kom om vir 'n duisend jaar lank te regeer nadat Hy die Satan absoluut gebind

het. Christus sal sy vrederyk op aarde stig en op die aarde regeer saam met die gelowiges as konings vir 'n duisend jaar waartydens die Satan geen invloed op die aarde sal hê nie (Malan, 1971:38). Dit sal alles plaasvind voor Christus se tweede wederkoms om te oordeel. Volgens Oosthuizen (1960:77) was Jesus ons Profeet wat "in die wêreld gekom het om vir die waarheid te getuig" (Joh. 18:37), tydens sy omwandeling op aarde. Met sy hemelvaart is Hy ons "Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele" (Heb. 8:1). Christus het dus die profetiese amp reeds uitgeoefen én Hy tree nou in ons bedeling op as die groot Hoëpriester. Hy was dus nog nie Koning nie. Eers tydens Christus se duisendjarige vrederyk sal Hy Koning op aarde wees waar Kerk én wêreld sy Koningskap sal erken.

Gedurende hierdie vrederyk van Christus sal al die siele van die gelowiges wat al gesterf het, weer opstaan uit die dode. Dit is die eerste opstanding waaraan slegs die gestorwe gelowiges deel sal hê. Hierdie eerste opstanding sal 'n liggaamlike opstanding wees want in vers 4 staan dat die siele wat opgestaan het sal lewe (zooé). Die gestorwe gelowiges wat na liggaam en siel sal opstaan, sal dan vir 'n duisend jaar as konings saam met Christus regeer (De Heer, s.j.:55 ; du Toit, 1950:10). Die gelowiges wat deel het aan die eerste opstanding, sal salig en heilig wees. Oor hulle sal die tweede dood, die ewige dood, geen mag hê nie (Open. 20:6). Die ongelowiges wat deel het aan die tweede opstanding wat sal plaasvind na die duisendjaar by Christus se tweede wederkoms om te oordeel, sal ook aan die tweede dood deel hê (De Heer,s.j.:57).

Die verklaring van die Chiliaste dat Christus se koninklike amp eers met sy duisendjarige vrederyk 'n werklikheid sal word, is nie Skriftuurlik nie. Jesus Christus is van ewigheid af Koning en sal Koning wees tot in ewigheid (Matt. 28:18; Luk. 1:32-33; Heidelbergse Kategismus Sondag 12). Jesus Christus het as Koning na die aarde gekom; as

Koning het Hy die graf ingegaan en die Satan oorwin, en as Koning het Hy uit die dood opgestaan en opgevaar na die hemel. Verder skei die Chiliaste die priesterlike, profetiese en koninklike ampte van Christus, terwyl die Skrif nooit dit skei nie, maar slegs dit van mekaar onderskei. Christus is steeds profeet deurdat Hy deur die Heilige Gees vir die waarheid getuig (Joh. 14:26; 16:13); Hy is steeds priester deurdat Hy vir die gelowiges intree by die Vader (Rom. 8:34); en Hy is steeds Koning van ewigheid af tot in ewigheid (Matt. 28:18).

Paulus skryf ook in Kol. 1:16-17 en Ef. 1:21-22 dat Christus oor alle magte en kragte heerskappy voer. Hy is dus Koning oor alle dinge en regeer daarom oor die kerk en oor die wereld. Die kerk is gehoorsaam aan Christus omdat hulle dit wil wees (koninkryk van sy genade). Die wêreld gehoorsaam Christus omdat hulle nie anders kan nie (koninkryk van sy mag). Hierdie twee koninkryke van Christus kan wel van mekaar onderskei word, maar nooit geskei word nie. Jesus Christus is die ewige Koning oor kerk en wereld. Hy regeer ook nou as Koning vanuit die hemel. Daarom sal die getroue gelowiges (waarvan sprake is in Open. 20;4) saam met Christus regeer in die hemel, want die troon van Christus en sy volk is in die hemel (Open. 1:4, 3:21; 4:2-6). Jesus Christus hoef nie liggaamlik op aarde te verskyn om sy Koningskap op aarde te vestig nie (Kruger, 1983:23).

Die volgende vraag wat aandag verg is: Wie regeer saam met Christus volgens Open. 20:4-6?

Die Chiliaste sê dit is die gestorwe gelowiges wat liggaamlik opgestaan het want hulle lewe volgens Open. 20:4. Die Griekse woord vir "lewe" wat in vers 4 gebruik word, kom van die werkwoord "zao" wat beteken "om te lewe".

Volgens Louw en Nida (1988:262) word hierdie woord nie net gebruik om 'n liggaamlike lewe aan te dui nie, maar ook om 'n geestelike "ewige lewe" aan te dui (Matt. 19:16; Mark. 10:17,30). God wat die dooies opwek, gee hierdie ewige lewe as 'n gawe aan die mens (Matt. 22:31 e.v.; Mark. 12:26 e.v.; Luk. 20:36 e.v.). Die Chiliaste is dus eensydig as hulle sê dat die woord "lewe" in Open. 20:4, spesifiek dui op 'n liggaamlike lewe op aarde. Daarom sê Kuyper (1910:257) dat 'n mens volgens die chiliastiese beskouing eerder sou verwag het dat daar moet staan, "ek het die liggame/aangesigte gesien van die wat onthoof is" in Open. 20:4. Die eerste opstanding kan dus nie 'n liggaamlike opstanding wees nie. Anders sou Johannes nie kon praat in vers 5 van "die ander dode", wat duidelik wys dat die wat aan die eerste opstanding deel gekry het, nogtans in 'n sekere sin (naamlik na die liggaam) tog nog dood is (Van der Walt, 1942:270). Verder wys Kuyper (s.j.:258) ook daarop dat volgens vers 6, diegene wat deel het aan die eerste opstanding en saam met Christus regeer, nie onderworpe is aan die tweede dood nie. Die tweede dood het nie mag oor hulle nie, en volgens vers 14 is die tweede dood die hel. Hier gaan dit dus nie om 'n liggaamlike dood nie, maar om 'n geestelike dood en daarom ook nie om 'n liggaamlike lewe nie, maar om 'n geestelike lewe.

Dijk (1933:262) verklaar dan die eerste opstanding van die siele (Open. 20:4) as 'n opstanding wat prinsipieël begin by die wedergeboorte uit die geestelike dood, maar eers sy beslag kry wanneer God die siel na die liggaamlike dood in sy heerlikheid opneem. Hierdie siele lewe geestelik al is hulle liggaamlik dood. Sonder hulle liggame regeer hulle saam met Christus. Jesus praat self ook van hierdie opstanding in die geestelike lewe as Hy aan Maria sê: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy óók gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie" (Joh. 11:25-26).

Uit die eksegese blyk dat Open. 20:4-6 betrekking het op die geluksaligheid van die triomferende kerk, nou in die hemel. Die eerste opstanding vind plaas wanneer die getroue gelowige liggaamlik sterwe en sy siel oorgeplaas word in die hemel om daar deel te kry aan die regering met Christus. Die Christusregering vind vanuit die hemel plaas en nie op die aarde nie. Daar is wel twee opstandings, maar tog net een liggaamlike opstanding. Aan die eerste opstanding het net die getroue gelowiges deel wat ook nie onderhewig is aan die tweede dood nie. Die tweede opstanding is 'n liggaamlike opstanding by die wederkoms van Christus om te oordeel, en daaraan het al twee groepe dooies deel, naamlik die wat gelowig gesterf het en die wat ongelowig gesterf het.

Die getroue gelowiges gaan dus slegs deur die eerste dood, naamlik die liggaamlike, terwyl die ongelowiges wat sterf nie net deur die eerste dood gaan nie, maar ook die tweede dood binnegaan, naamlik die hel.

3.1.5 DIE SATAN WORD LOSGELAAT EN FINAAL OORWIN - OPENBARING 20:7-10

Die Chiliaste verklaar Open. 20:7-10 dat die Satan na die duisendjarige vrederyk van ons Here Jesus Christus weer losgelaat sal word. Jesus Christus sal dan met sy heiliges die aarde verlaat om hulle terug te trek in die hemel. Op die aarde bly dan die gelowiges oor wat nog lewe en daarom nie deel gehad het aan die eerste opstanding nie (Dijk, 1933:267). Teen hulle trek die Satan op met al sy mag en so word hulle op die proef gestel om te sien of hulle aan God getrou sal bly na hierdie geseënde periode. Wanneer Satan dan met al die randvolke teen die gelowiges optrek, sal al die verraaiers wat soos Judas binne die kring van die Christelike invloedsfeer gekom het, en tog in die geheim verraaiers was, nou oop en bloot bekend word as vyande van Christus. Dan sal volgens Open. 20:9 vuur van God uit die hemel neerdaal en al die goddelose vyande van Christus verslind (Oosthuizen, 1960:81,82).

Samevattend verklaar Oosthuizen (1960:101) dat "die opstanding en oordeel van die regverdiges plaasvind by die begin van die duisendjarige ryk, terwyl die opstanding en oordeel van die goddelose plaasvind by die aanvang van die ewige koninkryk." Hy beskou die "ewige koninkryk" as die volmaakte ewige koninkryk van God op die nuwe aarde na die eindoordeel.

Met hierdie letterlike verklaring van die "duisend jaar" (Open. 20:7) van die Chiliaste, kan nie mee saam gegaan word nie. Dit is in stryd met die apokaliptiese karakter van die boek Openbaring. Daarom is die boek Openbaring volgens Botha (1984:64) nie "vol toekomsvoorspellings nie, maar niks anders as 'n stuk evangelieverkondiging nie. Die kernboodskap van die boek is dat Christus die oorwinnaar is. En dit is die boodskap wat tot troos verkondig word aan gemeentes wat as gevolg van vervolging in die uiterste nood verkeer " (vergelyk ook punt 3.1.1.1.2 hierbo).

Ook Openbaring 20:7-10 het dieselfde troosboodskap op die oog. Open. 20:7-10 wys op die "kort tydjie" (Open. 20:3) wat die Satan ontbind word na die "duisend jaar" (Open. 20:7).

Volgens Botha (1984:64) kan hierdie "kort tydjie" en "duisend jaar" ook simbole wees van mag.

Die duisend jaar is dus 'n simbool van die absolute oorwinning van Christus oor Satan. By Christus se kruisdood en opstanding het Hy die beslissende slag teen die Satan gelewer wat die eindoorwinning verseker by sy wederkoms. Al wat vir die Satan oorbly is agternagevegte wat volg na die beslissende slag op Golgota. Die agternagevegte kan geensins meer die finale uitslag verander nie.

Op die einde van die Nuwe Testamentiese era volg 'n laaste kort agternageveg waar die Satan vir 'n kort tydjie ontbind word (Open. 20:3, 7-10). Hierdie "kort tydjie" (Open. 20:3) is simbool van die beperktheid van Satan se mag (Botha, 1984:64). Satan bly gebonde want hy word immers losgelaat (passiewe vorm) uit die afgrond (Open. 20:7). Hy klim nie self uit die afgrond op nie, maar word toegelaat om sy mag uit te oefen. Hy kan niks doen as dit hom nie toegelaat word nie.

Tydens al hierdie agternagevegte, ook tydens die laaste kort agternageveg aan die einde van die dae, bly die Satan verslaan en het hy beperkte mag al is dit ook so geweldig soos die van 'n brullende leeu (1 Pet. 5:8), want Christus het die sleutels van die afgrond. Daarom is daar nie sprake van 'n tydperk waar Jesus Christus se heerskappy oor alles tot 'n einde sal kom nie én Satan sal heers én doen wat hy wil nie (Dijk, 1933:268).

Die kerk in nood word getroos deur hierdie boodskap dat Christus die Satan absoluut oorwin het en dat wat met die kerk op aarde gebeur, slegs die geweld van Satan se laaste stuiptrekkings is (Botha, 1984:64).

Wat gaan die Satan doen in hierdie laaste kort agternageveg? Aan die einde van die Nuwe Testamentiese era gee God aan die Satan die geleentheid om alles in sy vermoë te doen om die gelowige te verlei. Die Satan versamel nou die nasies, die Gog en die Magog, teen die kerk van die Here (Open. 20:8). Wat word hier bedoel met die Gog en die Magog?

Ons vind hierdie twee name ook in Esegiël 38 en 39. Die naam Magog kom reeds voor in Gen. 10:2 en was die naam van die seun van Jafet. Egter word geen verdere besonderhede gegee nie. In Esegiël is Gog die aanvoerder van die heidene uit die land Magog. Gog het met sy geweldige groot leërs uit die land Magog teen die volk van God opgetrek.

Dus dui die Gog en die Magog in Open. 20:8 op al die ongekerstende volke oor die lengte en breedte van die aarde. Hierdie heidense mag sal geweldig groot wees en die Satan sal hulle verlei om saam te snoer teen die volk van God (die gelowiges). Satan sal self die aanvoerder van hierdie heidense mag wees deurdat hy hulle planne beheer (Greydanus, s.j.:507).

In Ou Testamentiese taal word nou die beleëring van die christendom deur die heidendom geteken (Open. 20:9). Die Satan sal met sy wêreldmag optrek teen die "laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel" (Open. 20:9). Hier word sterk van Ou Testamentiese taal gebruik gemaak en daarom moet dit in 'n geestelike sin verstaan word. "Die laer van die heiliges" is die gelowiges wat getrou gebly het, naamlik die gemeente van Jesus Christus. Ook die "geliefde stad" dui op die gemeente van Jesus Christus wat sy bruid op aarde is. Hier gaan dit nie oor die stad Jerusalem nie, soos die Chiliaste beweer. (Greydanus, s.j.:508; Kruger, 1983:35).

Hierdie laaste kort agternageveg word ook beskryf in Open. 16:12-21 en moet daarmee saam gelees word. Op die verdelging van die gemeente van Christus lê hierdie sataniese wêreldmag hom toe en dit lyk ook asof hulle daarin gaan slaag. Maar dan skielik verskyn Jesus as Here om te oordeel op die laaste dag, die Jóm Jahwé. God gryp self in want "vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind" (Open. 20:9). Op die "Dag van die Here", die Jóm Jahwé, word nie net die goddelose wêreld finaal vernietig nie, maar ook die duiwel kom self aan die beurt en word in die "poel van vuur en swawel gewerp" (Open. 20:10). Eers nadat Babilon, die goddelose wêreld, verslaan en geoordeel is (Open. 20:9; Open. 19:2) en nadat sy bondgenote, die Antichris ("die <u>dier</u> wat opkom uit die see") en die valse profeet "in die vuurpoel wat met swawel brand" gegooi is (Open. 19:20 en Open. 20:10), word ook die duiwel self uiteindelik by hulle "in die poel van vuur en swawel gewerp" (Coetzee, 1988:312).

Uit die eksegese van Open. 20:1-10 blyk dat die Chiliaste verkeerdelik uitgaan van 'n letterlike tydperk van 'n duisend jaar. Hulle verklaar verkeerdelik dat Christus letterlik vir 'n duisend jaar saam met die gelowige op aarde sal regeer. Uit hierdie verkeerdelike eksegese lei hulle dan af dat Christus nog twee keer na die aarde sal kom. Die eerste keer om sy duisendjarige vrederyk te stig en die tweede keer om finaal te oordeel. 'n Letterlike verklaring van Open. 20:1-10 is algeheel in stryd met die karakter van die boek Openbaring. Die beroep van die Chiliaste dat Open. 20:1-10 'n duisendjarige vrederyk leer, berus dus op verkeerdelike Skrifeksegese van die gedeelte.

Vervolgens word daar oorsigtelike eksegese gedoen van ander Skrifgedeeltes waarop die Chiliaste hulle beroep. Vir die omvang van hierdie studie is dit nie moontlik om elke Skrifgedeelte waarop die Chiliaste hulle beroep na te gaan nie, daarom word slegs sekeres uitgelig.

## 3.2 DIE NASIONALE HERSTEL VAN ISRAEL? - RM. 11:25-27

Die Chiliaste verklaar Rm. 11:25-27 dat die hele Israel as volk herstel sal word tydens die duisendjarige vrederyk van Christus op aarde. Daar sal dus 'n massabekering van al die Israeliete plaasvind want die hele Israel word gered (vers 26) en nie net 'n klein klompie nie (Naude, s.j.:10). Volgens Oosthuizen (1960:26) is Israel nie "slegs uitverkies met die doel om die vleesgeworde en die Skrifgeworde Woord aan die mensheid te gee nie, maar hy word uitverkies om aan God te behoort, en as nasie het Israel 'n besondere roeping om teenoor die heidense nasie in die toekoms te vervul, wanneer hy sy sendingtaak sal volbring."

Hierdie verklaring van die Chiliaste is nie aanvaarbaar nie. In hierdie gedeelte rig Paulus hom op die hele gemeente van Rome, die Joodse christene asook die heidense christene (vergelyk die meervoud in vers 25).

Aangaande die toekoms van Israel wil Paulus iets bekend maak. Hy het veral die heidense gelowiges in die oog wat dalk anti-Semities ingesteld kan wees (Hendriksen, 1980:377).

Nou gaan Paulus voort en skryf: "dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het" (Rm. 11:25).

Nie die hele Israel het hom verhard nie maar slegs 'n gedeelte van Israel. Dit geld dus nie vir die volk as geheel nie. En hierdie verharding van 'n gedeelte van Israel sal voortduur totdat die getal heidene wat uitverkies is tot die geloof in Christus gekom het aan die einde van die dae. Die verharding van 'n gedeelte van Israel sal dus voortduur hand aan hand, met die bekering van heidene. Maar dit impliseer tog dat daar deur die eeue heen tot aan die einde van die dae, altyd 'n deel van Israel sal wees wat hulle nie verhard nie en dus gered sal word. So sal dus die hele Israel gered word, wat die volle getal uitverkorenes uit Israel sal wees (Rom. 11:26).

Aan die einde van die dae sal die volle getal heidene wat uitverkies is, asook die volle getal uit Israel wat uitverkies is, gered word. Die "hele Israel" in Rm. 11:26 dui dus op die volheid uit Israel wat Christus sal aanneem deur die eeue heen. Hier is nie sprake van 'n massabekering of nasionale herstel van Israel nie, maar slegs dat die volheid uitverkorenes uit Israel en die heidendom gered sal word (Van der Westhuizen, 1935:191).

Die res van vers 26 tot 27 is 'n aanhaling vanuit verskeie tekste in die Ou Testament soos Jes. 59:20; 27:9; 59:21; Miga 5:2 en Jer. 31:31. Met hierdie aanhaling verwys Paulus nie na Christus se wederkoms nie, want met Christus se wederkoms sal Hy uit die hemel kom (nie uit Sion nie)

en Hy sal kom om te oordeel en nie om sondes weg te neem nie. Hier verwys Paulus na Christus se eerste koms waar Hy deur sy kruis die sondes van die gelowiges uit die Jodedom en heidendom weg-geneem het (Hendriksen, 1980:383).

Die verlossing van die gelowiges uit Israel en die heidendom is geestelik van aard en nie stoflik van aard nie. Die verlossing behels 'n omkeer tot die Here, die Verbondsgod, en tot sy Seun Jesus Christus. Dit behels nie die herbou van Jerusalem om vandaar oor die hele aarde te regeer nie. Nog minder behels dit die nasionale herstel van Israel. Uit die eksegese van Rm. 11:25-27 blyk dan ook dat die chiliastiese verklaring van hierdie gedeelte nie aanvaarbaar is nie.

## 3.3 DIE VOLK ISRAEL WORD IN HULLE LAND HERSTEL? - Eseg. 37:11-14

Hier het ons te doen met die bekende gedeelte uit die boek Esegiël: Die visioen van die dorre doodsbeendere. Die Chiliaste glo dat hierdie gedeelte verwys na die gebeure aan die einde van die dae. Aan die einde van die dae sal God weer sy volk Israel herstel in hulle land tydens die duisendjarige vrederyk. Die hele huis van Israel sal in hulle land herstel word, en nie net die stam Juda soos uit Babel nie. Eseg. 37:1-10 wys dat die herstel van Israel trapsgewys sal geskied en nie op een oomblik nie (Naude, s.j.:32). Die hele Israel sal dus trapsgewys tot bekering kom in Christus en nie op een oomblik nie.

Die profeet Esegiël was 'n banneling in Babel saam met koning Jojagin en die vernaamstes van Juda. Hy tree op as profeet tydens die Babiloniese ballingskap. Hierdie visioen in Eseg. 37:1-14 is in die derde deel van die boek (33-39) wat heilsprofesieë is in die tydperk na die val van Jerusalem (vergelyk Eseg. 33:21).

Die volk in ballingskap was moedeloos. Hulle hoop was heeltyd gevestig op die stad Jerusalem wat nog gestaan het. Noudat Jerusalem verwoes is, het hulle geen hoop meer op verlossing nie. Dit lyk vir

hulle onmoontlik dat hulle sal terugkeer na die land Kanaän. Hulle is soos doodsbeendere wat geen hoop op lewe het nie. In Eseg. 37:1-10 sien Esegiël 'n visioen van dorre doodsbeendere. Vanaf vers 11 tot 14 volg die verklaring van hierdie gedeelte. God gee self die verklaring van die visioen. In die verklaring van God (Eseg. 37:11-14) spreek God duidelik dat die doodsbeendere dui op die hele huis van Israel en dat die opkom uit die grafte dui op die terugkeer na die land Kanaän. God verklaar met hierdie visioen dat Hyself Israel sal verlos uit die Babiloniese ballingskap en hulle sal terugbring in die land Kanaän. Hierdie visioen kan nie anders verklaar word as dat dit dui op die terugkeer uit die Assiries-Babiloniese ballingskap (Aalders, s.j.:149).

Hoe kan mense dan nog hierdie visioen anders verklaar as wat God dit self verklaar?

Hoe kan mense die opkom uit die grafte verklaar as die bekering van die ganse Israel, of die liggaamlike opstanding by die aanvang van die duisendjarige vrederyk?

In die boek Esegiël is daar nog talle ander teksgedeeltes wat die Chiliaste gebruik as begronding van hulle beskouing. Vanweë die omvang van hierdie studie kan daar nie na alle Skrifgedeeltes gekyk word nie. Die laaste Skrifgedeelte wat van nader beskou word, is Dan. 12:1-3.

### 3.4 'n DUISENDJARIGE VREDERYK? - Dan. 12:1-3

Volgens Oosthuizen (1960:50) dui Dan. 12:3 op die verheerlikte posisies wat die gelowiges sal beklee tydens Christus se duisendjarige vrederyk op aarde. Slegs die gestorwe gelowiges sal dan liggaamlik opstaan en lewe (Dan. 12:2). Die gestorwe ongelowiges sal nie "ontwaak" nie (Dan. 12:2). Oosthuizen (1960:55) maak hierdie afleiding uit vers 2 omdat hy die woord "sommige" nie sien as die suiwerste vertaling van die Hebreeuse woord

"elêh" nie. Daarom gaan hy eerder op die Nederlandse vertaling wat lui: "Velen van die, die in het stof der aarde slapen, zullen ontwaken, deze (wat opstaan) ten eeuwigen leven, en gene (wat nie opstaan nie) tot versmaadheden en tot eeuwige afgrijzing" (soos aangehaal deur Oosthuizen,1960:55). Dan. 12:2 is vir hom 'n bewys dat slegs die gestorwe gelowiges liggaamlik sal opstaan met Christus se duisendjarige vrederyk en nie die gestorwe ongelowiges nie.

By nadere ondersoek word gevind dat die woord "sommige" wel 'n goeie vertaling van die Hebreeuse woord "elêh" is. "elêh" is die genitiewe vorm van die Hebreeuse woord "el" wat"hierdie" beteken. "eleh" Kan dus as "van hierdie" of "sommige" vertaal word.

Met die woord "baie" in Dan. 12:2 word nie die opstanding van al die dooies ontken nie. Hier word slegs in die besonder verwys na diegene wat gesterf het tydens die groot verdrukking onder Antiochus (Young, 1978:256).

Dan. 12:1-3 verwys na die gebeure met Christus se wederkoms om te oordeel. Met Christus se wederkoms sal al die dooies uit die grafte opstaan (vers 2). Die gelowiges sal dan van die ongelowiges geskei word. Die gelowiges sal opstaan en die ewige lewe beërwe. Die ongelowiges sal opstaan en veroordeel word tot die ewige verderf.

In hierdie gedeelte word geen spoor gevind van 'n duisendjarige vrederyk nie. Slegs een wederkoms van Christus word geleer waar al die dooies sal opstaan uit die grafte. Almal word dan geoordeel sodat gelowiges en ongelowiges van mekaar geskei word.

Uit hierdie hoofstuk blyk duidelik dat die Chiliaste se letterlike metode van interpretasie van Open. 20:1-10 nie as suiwer verklaring van die boek Openbaring beskou kan word nie. Vanweë hulle verkeerdelike

metode van interpretasie van Open. 20:1-10, verwag hulle 'n duisendjarige vrederyk op aarde voor Christus se wederkoms om te oordeel. Vanuit hierdie verwagting verklaar hulle die hele Skrif.

Hulle verklaring van verskeie Skrifgedeeltes berus dan nie op suiwere eksegese nie. Chiliastiese opvattings soos die nasionale herstel van Israel aan die einde van die dae en die twee liggaamlike opstandings wat 'n duisend jaar uit mekaar is, berus op on-Skriftuurlike gronde.

Die Chiliasme vermeng hemelse heerlikheid en aardse geluksaligheid met mekaar, wat nie in die Skrif geleer word nie.

---oOo---

## 4. BEOORDELING VAN DIE CHILIASME VANUIT DIE GEREFORMEERDE BELYDENISSKRIFTE

Met die historiese oorsig (hoofstuk 2 hierbo) is alreeds daarop gewys dat Chiliasme ook onder lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan. In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan daar 'n houding van verdraagsaamheid teenoor die Chiliasme as 'n alternatiewe visie op die eskatologie, aangesien die Gereformeerde Belydenisskrifte nie die Chiliasme veroordeel nie. Maar is dit waar?

Vind die Chiliasme enige steun in die belydenisskrifte? Is swye nie baie keer 'n ontkenning nie? Waarom sou Guido de Bres (Nederlandse Geloofsbelydenis) in 'n tyd van groot vervolging van Protestantse Kerke nie iets geskryf het van 'n nadere heilstaat op aarde waartydens die gelowiges saam met hulle Heiland oor die ongelowiges sal regeer nie? Waarom vra teoloë van die Vrye Christelike Gereformeerde Kerk (sien ds. C.W.M. du Toit se "Pleidooi vir uitbouing van ons Gereformeerde Belydenisskrifte oor die stuk van die voleinding", 1950) vir 'n uitbouing van ons Gereformeerde Belydenisskrifte? Waarom is die Chiliasme 'n kenmerk van haas elke sekte wat nie ons Gereformeerde Belydenisskrifte onderskryf nie? Is dit nie reeds omdat die Gereformeerde Belydenisskrifte, die Ekumeniese Belydenisskrifte en die Drie Formuliere van Eenheid, geen ruimte laat vir enige vorm van Chiliasme nie?

Kom ons kyk wat sê die belydenisskrifte oor die chiliastiese leerstellings.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis word in artikel 25 bely dat "die seremonies en heenwysings van die Wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het". Die seremoniële wet is in Christus vervul.

Baie Chiliaste glo dat die tempeldiens in Jerusalem weer herstel sal word. Volgens hulle sal Israel weer sy afskaduwing terugkry om aan die wêreld

die heil in Christus te verkondig. Israel, Jerusalem en die tempel sal weer herstel word. Hier sien ons reeds die invloed van die Judaïsme (Feenstra, 1947:318). Volgens Dijk (1933:65) is die chiliastiese opvatting dus nie so onskuldig as wat dit lyk nie, want "met haar hangt samen de beskouwing van het werk van Jezus Christus en van de vervulling der oude bedeling in zijn volbracht offer."

In artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word gehandel oor die gebeure aan die einde van die dae. Lees hierdie artikel aandagtig. Daar word hoegenaamd geen ruimte gelaat vir 'n chiliastiese toekomsverwagting nie. Hier is geen sprake van 'n tweërlei wederkoms van Christus nie, of van 'n duisendjarige vrederyk nie, of van 'n eerste opstanding waaraan slegs die regverdiges deel sal hê nie, of van 'n nasionale herstel van Israel nie, of van enige ander chiliastiese opvatting nie.

Duidelik word in hierdie artikel gestel dat wanneer Christus weer sal kom, Hy sal kom "om Homself as Regter oor die lewendes en die dooies aan te kondig" en "al die dooies sal uit die aarde opstaan, die siel van elkeen saamgevoeg en verenig met sy liggaam waarin hy geleef het."

Die Nederlandse Geloofsbelydenis leer net een wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel, en net een opstanding van al die dooies. 1 Tess. 4:16 word dan aangehaal as bewys van wederkoms van Christus en die algemene opstanding van die dooies. Maar in 1 Tess. 4:16 staan dan uitdruklik dat die gelowiges eerste sal opstaan. Sal die ongelowiges dan eers later opstaan? Nee, Paulus handel hier oor die kwessie of die lewende gelowiges die ontslape gelowiges iets voor sal wees by die wederkoms van Christus (1 Tess. 4:15). Sal die lewende gelowiges reeds die saligheid geniet voordat die ontslape gelowiges deel daaraan sal kry? Wanneer sal die opstanding van die dooies plaasvind, voordat die lewende

gelowiges weggevoer word of daarna? Dit gaan hier nie oor die verhouding tussen die ontslape gelowiges en ongelowiges nie. Die algemene opstanding van die dooies sal eerste plaasvind (vers 16) en daarna sal al die gelowiges (lewendes en die wat opgestaan het) weggevoer word die Here tegemoet (vers 17).

In artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis glo ons op grond van die Skrif dat Christus nog net een keer weer sal kom en dat by sy wederkoms alle dooies sal opstaan. Die ontslape gelowiges en ongelowiges sal gelyktydig opstaan want die Skrif onderskei wel tussen die opstanding van die gelowiges tot die lewe, en die opstanding van die ongelowiges tot die veroordeling, maar maak geen skeiding daarvan nie (Joh. 5:28,29). In hierdie artikel word dus die chiliastiese opvatting van die tweërlei wederkoms van Jesus Christus en die tweërlei opstanding van die dooies, verwerp as on-Skriftuurlik (Dijk, 1933:64; Feenstra, 1947:481).

Ook die Heidelbergse Kategismus spreek in vraag en antwoord 52 van die wederkoms van Christus. Vraag en antwoord 52 is deel van Sondag 19 van die Heidelbergse Kategismus en kom in die tweede deel van die Kategismus voor wat handel oor die verlossing van die mens. In die besonder word gehandel in Sondag 18 en 19 oor die tydperk tussen Christus se hemelvaart en sy wederkoms. Aan die begin van Sondag 19, met vraag en antwoord 50 en 51, behandel die Kategismus die nut vir ons dat Christus nou in hierdie bedeling aan die regterhand van God die Vader sit. Dan gaan die Kategismus oor in vraag en antwoord 52, na die wederkoms van Christus aan die einde van die dae. Dit is opvallend dat die Kategismus hier vra: "Hoe word jy <u>getroos</u> deur die wederkoms van Christus?" Die Kategismus wil aan die kerk wat hier op aarde vervolging en verdrukking verduur, 'n boodskap van troos leer wat ten volle in vervulling sal gaan aan die einde van die dae. Wat 'n heerlike boodskap van troos sou die belofte van 'n duisendjarige vrederyk op aarde nie ook gewees het vir die kerk wat vervolging en verdrukking verduur nie? As die duisendjarige vrederyk

geleer is deur die Skrif, sou die Kategismus tog nie hierdie tydperk van aardse geluksaligheid vir die kerk uitgelaat het, as hy die kerk onder die kruis wou troos nie. Maar nee, die Skrif ken net een wederkoms van Christus en dit is om die lewendes en dooies te oordeel. Daarom verwerp die Heidelbergse Kategismus die chiliastiese duisendjarige vrederyk as on-Skriftuurlik, en vra: "Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en dooies te oordeel?" (vraag 52). Die Heidelbergse Kategismus wat gegrond is op die Woord van God, leer geen tweërlei wederkoms van Jesus Christus nie. Ook hier bestaan daar hoegenaamd geen ruimte vir enige vorm van Chiliasme nie.

Wanneer die Gereformeerde Belydenisskrifte gelees word teen die agtergrond van die Hervorming; die reformatore se siening van die Chiliasme as die invloed van laat Joodse apokaliptiek, konfessies soos die Augsburgse Konfessie (1530) en die Tweede Helvetiese Konfessie (1566) wat die Chiliasme as Joodse drome verdoem, kan die Chiliasme vanuit gereformeerde kant nie verdra word as maar slegs 'n alternatiewe visie op die eskatologie nie (Schulze, s.j.:5).

Die chiliastiese beskouings kan nooit as gereformeerde beskouings gesien word nie, op grond van die verwerping van die chiliastiese beskouings deur die Gereformeerde Belydenisskrifte as on-Skriftuurlik. Daarom is die chiliastiese beskouings 'n kenmerk van haas elke sekte wat nie die Gereformeerde Belydenisskrifte onderskryf nie.

---o0o---

## 5. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Uit die historiese oorsig het ons gesien dat chiliastiese denkbeelde reeds by die ou heidense Parsisme voorgekom het. Die wortels van die Christelike Chiliasme vind ons egter by die Jodedom. Die Judaïsme het die chiliastiese gedagtes in die Christelike Kerk ingedra, want die Christendom spring voort uit die Jodedom. Vandag nog leef hierdie Joodse chiliastiese beskouings in die Christelike kerke voort en word ook aangetref onder lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wat opvallend is, is dat chiliastiese trekke ook by die New Age-beweging aangetref word. Volgens die New Age-beweging het die son ongeveer tussen 1970 en 1980 die tydperk van aquarius (waterdraer) ingegaan. Die tydperk wat vir die mens nou voorlê, sal 'n gelukkige tyd van harmonie, vrede, welwillendheid en internasionale samewerking wees. 'n Soort tydperk van hemel op aarde (de Bruyn, 1992:157). Hierdie beskouing van die New Age-beweging laat 'n mens baie dink aan die chiliastiese toekomsverwagting waar hemelse heerlikheid met aardse geluksaligheid vermeng word tydens die duisendjarige vrederyk. By altwee beskouings is daar nie sprake van 'n vernuwing van dieaarde deur God nie tydens die tydperk van vrede. Uit die historiese oorsig blyk dat die chiliastiese denkbeelde sy oorsprong in die heidendom het en ook vandag weer terug gevind word by die heidendom.

Die Chiliaste beroep hulle veral op Open. 20:1-10 as die locus classicus van hulle leer oor die duisendjarige vrederyk. Uit die eksegese van Open. 20:1-10 blyk dat hulle nie 'n suiwer verklaring van Open. 20:1-10 gee nie aangesien hulle verklaring 'n letterlike interpretasie van die boek Openbaring is. Hulle hou nie rekening met die apokaliptiese karakter van die boek Openbaring nie, maar lê eensydig klem op die profetiese karakter van die boek. Vanuit hierdie verkeerdelike interpretasie van die boek Openbaring verklaar hulle Open. 20:1-10 dat Christus twee keer

weer na die aarde sal kom. Die eerste keer om sy duisendjarige vrederyk op aarde te stig en die tweede keer om alle mense te oordeel. Nou verklaar hulle die res van die Skrif in die lig van hierdie verkeerdelike interpretasie van Open. 20:1-10 in plaas daarvan dat hulle Open. 20:1-10 verklaar in die lig van die res van die Skrif. So verval hulle dan ook in verkeerdelike verklarings van ander Skrifgedeeltes in die Bybel.

Nadat eksegese gedoen is van Open. 20:1-10 en ander relevante Skrifgedeeltes, is dit duidelik dat die Skrif nie 'n tweevoudige wederkoms ken nie. Daarom word al die chiliastiese verklarings oor die duisendjarige vrederyk verwerp as on-Skriftuurlik. Tog moet ons ook die waarheidsmotief in die Chiliasme raaksien dat vir hulle die evangelie van Christus nie net betekenis het in die hiernamaals nie, maar ook betekenis het vir vandag in hierdie bedeling.

Ons onderskryf ons Gereformeerde Belydenisskrifte omdat hulle in ooreenstemming is met die Skrif. Nadere ondersoek van ons Gereformeerde Belydenisskrifte (veral die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 25 en 37, en die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 52) toon dan ook aan dat hulle die Chiliasme verwerp as on-Skriftuurlik. Ook konfessies tydens die Hervorming spreek hulle skerp uit teen die Chiliasme as "Joodse drome". Let dan noukeurig op die waarskuwing wat Paulus vir ons gee in Kol. 2:8 "Pasop dat niemand julle van Hom (Jesus Christus) af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense."

---oOo---

## 6. BIBLIOGRAFIE


Aalders, G.C. s.j. Het herstel van Israël volgens het Oude Testament: Kok.

Botha, S.J. 1984. Chiliasme. (In Van der Westhuizen, H.G., red. Dwarswinde op die kerkwerf. Pretoria: NHW-Pers.)

Coetzee, J.C. s.j. Die Openbaring aan Johannes. (ongepubliseerde klasdiktaat. Teologiese Skool. P.U. vir C.H.O.)

Coetzee, J.C. 1988. Die prediking (teologie) van die Openbaring aan Johannes. (In Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament, deel 6. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.)

De Bruyn, P.J. 1992. Die New Age-beweging - oorsig en beoordeling. In die Skriflig, 26(2): 151-168, Jun.

De Heer, J. s.j. Het Duizendjarig Vrederijk. Zeist: Zoeklicht Boekhandel.

Dijk, K. 1933. Het Rijk der Duizend Javen. Kampen: Kok.

Dijk, K. 1952. Over de laatste dingen, het einde der eeuwen. Kampen: Kok.

Du Rand, J.A. 1988. Inleiding tot die Openbaring aan Johannes. (In Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament, deel 6. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.)

Du Toit, C.W.M. 1950. 'n Pleidooi vir die uitbouing van ons Gereformeerde Belydenisskrifte oor die stuk van die voleinding. Frankfort: van Rensburg.

Feenstra, J.G. 1947. Onze Geloofsbelijdenis. Kampen: Kok.

Greydanus, S. s.j. De Openbaring des Heeren aan Johannes. Doesburg: Von Schenk Brill.

Hendriksen, W. 1980. New Testament Commentary: Romans. Southampton: The Camelot Press.

Hoekstra, H. 1903. Bijdrage tot de kennis en de beoordeeling van het Chiliasme. Kampen: Kok.

Kok, A.B.W.M. 1956. Adventisme. (In Christelijke Encyclopedie,, 1:83-84).

Kruger, A.P. 1983. Uiteensetting en evalueering van die Chiliastiese Verklaring van Openbaring 20:1-10. Potchefstroom. (Werkstuk (Th.B.) - P.U. vir C.H.O.)

Kuyper, A. 1910. Dictaten Dogmatiek: Locus de Magistratu, Consummatione Saeculi. Kampen: Kok.

Louw, J.P. & Nida, E.A. 1988. Greek - English Lexicon of the New Testament, deel 1. New Yourk: United Bible Societies.

Malan, W.C. 1971. Duisend jaar! Hoe lank? Brakpan: Verenigde Gereformeerde uitgewers.

Naude, D. s.j. Weerlegging van die Antichiliasme. ANON.

Oosthuizen, W.H.M. 1960. As die Seun van die Mens kom. Pretoria: Oosthuizen.

Schulze, R.F. s.j. Die Chiliasme. (Ongepubliseerde klasdiktaat. Teologiese Skool. P.U. vir C.H.O.)

Tukker, C.A. 1981. Het Chiliasme van Reformatie tot Reveil. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Van der Walt, S.J. 1942. Die Leer van die Laaste Dinge. (In Kotze, D.N., red. Die Kosbare Goud. Kaapstad: Nasionale Pers. p. 266-275)

Van der Westhuizen, M.J. 1935. Die Millennialisme. (In Stoker, H.G. & Potgieter, F.J.M., red. Koers in die Krisis. Stellenbosch: Pro Ecclesia - Drukkery. p. 185-194.)